

16 April - GEDAGTENIS

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 11

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 11:24d, 25c

Die fokusgedeelte is inderdaad woorde wat ons as lidmate gereeld hoor, elke keer wanneer ons in die erediens wanneer daar Nagmaal bedien word. Ons Here Jesus het die gebruik van Nagmaal met die uitdruklike bevel ingestel. Gebruik dit tot my gedagtenis. Nagmaal is nie 'n vrywillige saak dat ek dit kan gebruik of nie gebruik nie. Dit is duidelik 'n bevel van ons Here Jesus Christus – wat ons moet gehoorsaam uit dankbaarheid vir wat Jesus Christus vir ons gedoen het. Dit wat Hy vir ons gedoen het, dit is waarop Jesus Christus wil hê ons ons gedagtes moet rig, tot My gedagtenis.

Johannes 3:16 sê dit in 'n neutedop. God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê. Die sinsnede dat God sy Enigste Seun gegee het, vra 'n nadere verklaring. Hy het sy Seun gegee:

- om aan die kruis op Golgota vir al ons sondes te sterf.
- Ja, Jesus Christus het die dood gesterf sodat ons die ewige lewe kan hê.
- Ja, aan die kruis het Hy dit uitgeroep: My God, my God, waarom het U my verlaat?
- Ja, aan die kruis, het Hy dit uitgeroep: Vader, in u hande gee Ek my Gees oor!
- Ten slotte – dit is volbring.

Soos God 'n ram voorsien in die plek van Isak, wat Abraham moes offer, só het God sy Seun gegee in die plek van my en jou, sodat ons kan lewe! Doen dit tot My gedagtenis ... Die Skrif wys in 1 Petrus 1:18, 19 op die volgende: "Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer en goud losgekoop is nie, maar julle is losgekoop deur die kosbare bloed van Christus – "die Lam wat vlekkeloos en sonder liggaamsgebrek is." Wanneer ons Nagmaal vier tot sy gedagtenis, verkondig ons sy dood totdat Hy kom! En weerklink die woorde van Psalm 116:7 in ons binneste:

Wat kan ek die Heer vir al sy guns vergeld?

Wat kan 'k Hom bring uit dank vir sy genade?

Ek sal Hom prys vir sy verlossingsdade

En by die kelk van heil sy Naam vermeld!

Ds DF Coetzee (Piet Retief)